17 Mei 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

# 1 Petrus 3: 13-22

## ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Vertel van iemand wat hoop uitstraal.

## word stil

Lees Psalm 66: 8-20

Dink na oor God se trou en oor hoe Hy luister en jou gebede verhoor.

## GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
1 Petrus 3: 13-22

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Wat leer ons oor ‘n Christen se gewete en lewenswandel?
- Wat is die hoop in ons lewe waarvan ons lees in vers 15? Wat sal jy antwoord as iemand vir jou vra oor die hoop wat in jou lewe is?

nous praktiese wysheid...

- Wat leer ons in verse 18-22 oor Christus en wat Hy gedoen het? Hoekom is dit belangrik?
- Wat is gewoonlik jou eerste reaksie wanneer iemand jou kwaad aandoen? Vergelyk dit met die reaksie wat deur Petrus voorgestel word. Hoe help die voorbeeld van Noag ons hiermee?

  Gesels oor hierdie gedagte: *Hoe ‘n mens verontregting en lyding hanteer wys wie baas is in jou lewe*.
- Op watter maniere ly gelowiges deesdae omdat hulle goed doen? Kan julle aan voorbeelde dink? Het dit al met jou gebeur?

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Help mekaar om te dink aan praktiese maniere waarop julle hoop kan gaan uitleef.

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle ’n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?



**Dank God daarvoor.**